# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 2 November 1995 Vol. 10

# DIE IMPAK VAN MENSEREGTE

***Kontant by Aflewering***

Die afgelope agtien maande word die landsituasie oorheers deur die implementering van menseregte. Menseregte word allerweë as iets nuuts en bevrydends ervaar. Baie goedgelowige christene het menseregte help vestig.

## Waarborg

Daar is basies twee redes waarom sekere christene menseregte ondersteun. Eerstens beweer een groep dat menseregte 'n goeie politieke waarborg bied teen onderdrukking - veral onderdrukking van sogenaamde minderheidsgroepe.

## Ontnugtering

Daar breek egter al hoe meer ontnugtering uit oor die impak van menseregte. Waar menseregte aanvanklik bedoel is as 'n "wig en teenwig", blyk dit nou dat menseregte nie die waarborg bied waarop gehoop is nie. Wat bestel is, is nie wat afgelewer is nie. Waar byvoorbeeld vir minderheidsbeskerming gestem is, is daar ook dinge gevestig wat die groep nie bedoel het nie. Wie het gedink dat om in die 1994-verkiesing te stem, juis byvoorbeeld aborsie as mensereg sou voortbring? Wie het gedink dat menseregte gruwelike vroue- en kindermoordenaars ten duurste in tronke aan die lewe sou hou as hulle onvervreembare reg? By hoeveel menseregte-ondersteuners het dit ooit opgekom dat 'n pornografiehandelaar ook sy reg daartoe beskerm sou wou hê? Menseregte eis dus kontant by aflewering - vir almal ongeag. Hoe gouer die bestelling van menseregte egter gekanselleer word, hoe beter.

## Onvervreembare reg

'n Tweede groep is nie van huis uit menseregte-ondersteuners nie, maar gee menseregte tog 'n kans. Baie beroep hulle op die Skrif dat die mens "na die beeld" van God geskep is, en dat die mens daarom sekere onvervreembare 'goddelike' regte het. Daar word gemeen dat as jy 'n onvervreembare reg op iets sou kon bewys (soos byvoorbeeld grond, taal, godsdiens, werk ens), jy 'n onaantasbare posisie het. Om van 'n onvervreembare reg te praat, is egter wensdenkery, aangesien regte altyd afgedwing moet word, hetsy deur howe, polisiëring, geweld of drukgroepe.

## Geldigheid

Om menseregte te misbruik vir eie politieke voordeel is baie gevaarlik - mens kry altyd meer as wat jy bestel het. Die vraag bly altyd: wie bepaal die geldigheid van 'n menseregte-aanspraak? Menseregte het 'n ingeboude (permanente) konflikpotensiaal, omdat die sondige mens altyd self besluit wat is 'n reg en wat is 'n verkeerde onreg. Dit is duidelik dat die waarheidsvraag in Suid-Afrika tans bepaal word deur die (mense)regters van die konstitusionele hof en nie deur die Woord van God nie. Hierdie regters verklaar 'n menseregte-aanspraak as geldig of nie, al is dit dikwels direk in stryd met die Woord van God.

## God is waarheid

Dit is op hierdie punt waar Skrifgetroue gelowiges menseregte moet begin teenstaan. Die vraag is heel eenvoudig: wie bepaal die waarheid? God of die sondige mensdom? Dit is 'n geloofsvraag. Die menseregte-aanhangers glo dat die mens mag besluit oor reg en verkeerd. So glo hulle byvoorbeeld dat 'n vrou die reg het om haar ongebore kind in sekere omstandighede te vermoor deur aborsie. God is egter die waarheid. Hy beveel alle mense om volgens sy wette te leef. Die waarheid van "jy mag nie moord pleeg nie" geld ook vir swanger feministe wat

***In hierdie uitgawe:***

* Die Impak van Menseregte ............ 1
* Skrifoordenking: Psalm 11 ............ 2
* Skepping en evolusie ............ 3
* Boekresensie: ... dit was aand en dit word môre ............ 6
* Gereformeerde Persvereniging Veritas .... 8

vroueregte-propageerders is.

God eis dat sy waarheid geglo word - en nie die menslike leuen nie. Dis waarom Jesus Christus aan die kruis gesterf het - om mense in die waarheid te laat glo, ook dat God die Wetgewer is en nie die mensdom nie.

## Twee godsdienste

Menseregte is 'n godsdiens wat op geloof aandring. Menseregte is 'n onverdraagsame godsdiens, wat mense vervolg wat dit durf waag om "menseregte" te ontken en van God se reg te praat. Menseregte en die christendom is twee aparte, onversoenbare godsdienste.

## Verwar

Bogenoemde maan die christen in alle lewensfere, ook die politiek, tot versigtigheid. Die waarheid van God se Woord, sy eis tot geregtigheid in die samelewing, sy opdrag van liefde tot die medemens mag nie verwar word met die boodskap van menseregte nie. God se boodskap oor wat reg is vir die mens(dom) is iets anders as die mensdom se eie uitgedinkte regte waarop hy aanspraak maak. Dikwels kom dit daarop neer dat die mensdom aandring om die reg te hê om teen God te sondig (byvoorbeeld homoseksualisme).

Christene in die politiek, as burgers en as leiers, behoort hulle af te wend van menseregte, terwyl die waarheid van God se beloftes ernstig opgeneem word vir die hele samelewing. Dit is die impak van die reformasie teen die afval wat die menseregte bring.

**A.L.A. Buys.**

*****

## Skrifoordenking

# Psalm 11

## Teksvers: *"As die fondamente omgegooi word, wat kan die regverdige doen?"* (Psalm 11:3)

## Prof. L Floor

Dawid vergader met sy hoë amptenare en offisiere. Of hierdie kabinetsvergadering of krygsraad voor of na sy troonsbestyging plaasgevind het, weet ons nie. Die historiese agtergrond van hierdie psalm is moeilik te rekonstrueer. Een ding is duidelik: die toestand in die land is baie kritiek. Dit lyk of die hele samelewing in duie stort. Daar is soveel aanslae, lis en geweld dat die toestand buite beheer raak en dit lyk asof die rewolusie gaan wen. In die raadsaal van die koning word vergader. Wat moet gedoen word?

In hierdie psalm kyk die koning terug na daardie kritieke dae. Hoe goed onthou hy dit. Hy weet nog noukeurig wat sy raadgewers hom geadviseer het. Hy onthou sy eie antwoord. In hierdie psalm beskryf Dawid in digvorm daardie aangrypende gebeurtenis. Die landsituasie, bespreking op hoë vlak, reaksies van amptenare en koning trek saam in ons teksvers: As die fondamente omgegooi word, wat kan die regverdige doen? Hierdie benouende vraag was die belangrikste punt op die agenda tydens die bespreking van die koning met sy hoë amptenare. Hierdie vraag is vandag in ons situasie ook uiters aktueel. Dit is 'n vraag wat leef in baie harte. Wat moet ons doen noudat die fondamente aangetas, omver gewerp word? Dawid gee ons self die antwoord. Ja, ons kan sê: Christus gee vir ons die antwoord, want dit is Hy wat Dawid tot hierdie psalm geïnspireer het.

In hierdie psalm is daar twee partye. Die goddelose staan teenoor die regverdige. Die goddelose is hier die man wat met God geen rekening hou nie. Wat doen hy? Kyk by vers 2. Hy loods sy aanvalle op die regverdige. In die donker skiet hy na die opregtes van hart. Die regverdige is die vrome, die godvresende wat vashou aan die Here en aan sy verbond. Dit is maar weer die ou stryd tussen die saad van die slang en die saad van die vrou.

En kyk, wat doen die goddeloses? Hulle ruk aan die fondamente, die pylers van die samelewing. Met fondamente word hier bedoel die pylers waarop die samelewing rus. In Israel as teokratiese staat was dit God se verbond, al die reëls en wette wat God neergelê het om die samelewing te orden. Daar was huwelikswette, reëls vir die gesin, voorskrifte vir die godsdiens, verordeninge vir die samelewing, sodat wet en orde gehandhaaf kon word en die Here gedien kon word.

Wat doen die goddeloses nou, die vyande van die koning? Hulle breek dit af, hulle ondermyn dit en hulle doen dit op 'n geraffineerde manier: in die donker, lees ons in vers 2. Die regverdiges, hulle wat God dien en vrees, raak benoud. Dawid vra op die vergadering: wat kan die regverdige doen? Hoor die advies van die raadgewers. Hulle is nie onnosel nie. Hulle weet waarvan hulle praat. Hulle som die situasie baie goed op. Die gevaar is groot. Ernstig word die volksbestaan bedreig. Hulle advies is: Koning, u moet vlug. Gee pad, vlug na die berge. Daar is u tuis, daar is u veilig. U weet hoe u uself daar kan wegsteek voor die vyand. Koning, wees verstandig, wees realisties. Luister na ons raad.

Die antwoord van Dawid se raadgewers is egter 'n ongeloofsantwoord. Hulle redeneer in die horisontale vlak. Hulle wil die koning in die isolement dryf, of soos Calvyn skryf: soos 'n verrotte lid afsny van die liggaam van die kerk. Gee pad, u staan magteloos teenoor hierdie gees van ondermyning en rewolusie.

Vandag verkeer ons veelsins in dieselfde situasie as koning Dawid in Psalm 11. Wat is die mees kenmerkende van die tyd waarin ons lewe? Dat die fondamente omgegooi word. Dit is nie alleen hier in ons land die geval nie. Dit is 'n wêreldverskynsel.

Laat ek die fondamente noem waarop ons samelewing as pylers rus. Daar is die pyler, die fondament van die godsdiens, van huwelik, gesin, kerk, regstaat. Ons kan byvoeg: kultuur, taal, onderwys. Wat sien ons? Aan hierdie fondamente word geruk. Aan almal. Net 'n paar voorbeelde: Ons sien hoe in verskillende kerke die fondament onder daardie kerke losgeruk word. Die gesag van die Woord van God word ondermyn. So stort mos die hele gebou in mekaar. Ons sien dit duidelik daar waar die gesag van die Bybel nie meer aanvaar word nie. Naas en in die plek van die huwelik word alternatiewe samelewingsvorme bepleit soos 'n homofiele huwelik of saamwoon sonder om getroud te wees. In die Nederlandse Dagblad het 'n rukkie gelede 'n artikel verskyn oor lotery. Die skrywer wys dan daarop dat dit die einde beteken van 'n christelike kultuur. Hy toon ook aan hoe dobbel-lus die samelewing ondermyn. Kinder- en gesinsverwaarlosing is die gevolg. Hierdie voorbeelde kan met baie ander aangevul word. Duidelik is dat dit die fondamente van ons samelewing omgegooi word. Dit is 'n proses wat al lank aan die gang is en nou in 'n soort stroomversnelling gekom het.

Wat moet ons doen, vra Dawid? Wat moet die regverdige, die kind van God, die gelowige doen? Ons kan luister na die advies van Dawid se raadgewers: vlug na die berge, soek die isolement, sonder jou af, kruip met 'n boekie in 'n hoekie. Maar dit is ongeloofsadvies. Dawid wys daardie raad dan ook radikaal af. Hy gee 'n ander antwoord op sy eie vraag, 'n geloofsantwoord. Ons hoor dit reeds in die eerste vers van hierdie psalm. By die Here skuil ek. God, die God van die verbond, is vir my 'n toevlug in die nood. Nie die berge nie, maar die Here is vir my 'n rots wat altyd vas bly staan. God is vanaf die vroegste jare vir ons 'n vlug- en skuilplek in gevare.

Moet u hoor hoe Dawid sy geloof in God bely? Hy noem drie dinge: God regeer, God toets en God oordeel. God is Koning, God is Keurder en God is Regter. Eers wys hy op God se woonplek en sy koningskap. Die Here is in sy heilige paleis. Die troon van die Here is in die hemel. Dit is 'n geweldige belydenis. Ek dink aan die pragtige woorde van Calvyn. Hy het êrens geskryf: Al storm dit op aarde, dit is rustig in die hemel. Maar wat doen die Here in die hemel, wat doen Hy vanaf sy heilige troon? Hy kyk na die aarde. Sy oë sien, sy ooglede toets die mensekinders. Hy maak onderskeid tussen die mense. God sien die regverdige en die goddelose. Hy sien ook ons. Dawid getuig daarvan in die vorige psalm. Ps. 10:14: "U het dit gesien; want u aanskou moeite en verdriet". God sien u swaarkry, die probleme waar u mee worstel, die moeite van die lewe, ook om siel en liggaam aan mekaar te hou, die hartseer wat u getref het, die sorg omdat die fondamente van die samelewing omgegooi word.

Ja, hoekom kyk die Here na sy kinders? Nie net om te kyk hoe dit gaan nie, maar Hy kyk om te help. Ons lees in 2 Kron. 16:9: "want die Here - sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeeld op Hom gerig is". Vervolgens sê Dawid dat God ons ook toets. Hy wil weet of ons hart wel volkome op Hom gerig is.

Maar God kyk ook na die goddeloses, die mense wat Hom nie dien en vrees nie. Hy haat hulle, hulle wat geweld liefhet. Vir hulle wag die oordeel. God is ook die Regter. Dawid beskryf die gerig wat oor hulle kom in woorde wat ons laat dink aan die verwoesting van Sodom en Gomorra (vers 6).

Ons kry in hierdie geloofsgetuienis van Dawid reeds 'n profetiese heenwysing na Jesus Christus. Hy is mos die koning wat alle mag in hemel en op aarde ontvang het. Hy is ook die Regter wat sal kom om te oordeel.

Wat vra die Here van ons in 'n tyd soos hierdie, noudat die fondamente van die samelewing aangetas word? Ten eerste geloof, geloof dat God in Christus Jesus regeer. Wat is geloof, hoe werk dit? Geloof is om te skuil, om soos Dawid by die Here te skuil. In skuiling soek sit ook die gedagte van vlug. Geloof is om die toevlug tot die Here te neem. Tot Hom te vlug in gebed, te vlug na sy Woord om daar krag en troos en moed en volharding te vind.

In die tweede plek vra God van ons om opreg van hart te wees, om geregtigheid lief te hê. Waarvan kan ons dan seker wees? Hulle sal God se aangesig sien. Ons kan ook in die Statenvertaling lees: God sal die opregtes aanskou. Hy sal sy aangesig oor hulle verhef. Hierdie verklaring pas die beste by die hele psalm. Ons moet nie moedeloos word nie, ook nie paniekbevange nie. Die Here regeer. Hy toets ons. Hy kyk waarop ons vertrou. Op die vraag wat ons moet doen, is daar net een antwoord: Ons moet soos Dawid gelowig sê en beoefen: By die Here skuil ek.

*****

# Skepping en evolusie (Deel 2)

**Prof. dr. Willem J. Ouweneel**

## 3. Biologiese aspekte
## 3.1. Kritiek op die Neodarwinisme

Ek moet daarop wys dat my teologiese en biologiese opvattings 'n sekere onafhanklikheid ten opsigte van mekaar het. Ek bedoel dit: selfs as ek die modernste teologiese skeppingsidee aanhang en alle geskiedkundige betekenis van Genesis 1 loën - behalwe die feit van die skeppingsdaad self - dan sou ek as bioloog steeds groot moeite hê om op grond van die biologiese feite 'n algemene evolusie aan te neem. Sedert Darwin was daar nog nooit 'n tyd waarin bioloë dit so openlik kon betuig sonder om 'gestenig' te word as ons tyd nie. Die tyd is verby dat evolusieteoloë, soos J. Huxley, G.G. Simpson, Th. Dobzhansky, G.L. Stebbins en E. Mayr kon uitroep: Evolusie (in Neodarwinistiese sin) is lankal geen teorie meer nie, maar 'n feit. Die bekende Franse bioloog en Nobelpryswenner François Jacob verwerp so 'n uitspraak sonder meer. Hy trek hier 'n baie interessante parallel met die 19e-eeuse Fisika. Net soos party bioloë oor Neodarwinistiese evolusie as 'n 'feit' praat, het fisici in die 19e eeu uitgeroep dat die

teorieë van Newton eintlik lankal verhef was bo die vlak van teorieë en absolute waarhede geword het. En Ernst Haeckel het nog in 1899 geskryf (*Die Welträtsel*; Eng.: *The Riddle of the Universe*, 1900, p. 238) dat die 'existence of ether (or cosmic ether) as a real element is a positive fact'. In die 20e eeu het Einstein se relatiwiteitsteorie met al hierdie 'waarhede' en 'absolute feite' radikaal afgereken.

Einstein het die Newtoniaanse meganika weliswaar nie *weerlê* nie, maar vir hierdie meganika net 'n plek binne 'n baie groter geheel aangewys: die plek van 'n grensgeval, wat by benadering geldig is onder bepaalde voorwaardes. So hou Fr. Jacob rekening daarmee dat dieselfde met die Neodarwinisme sal gebeur. Dit is nagenoeg ondenkbaar dat die Neodarwinisme ooit in sy geheel weerlê sal word, net soos met die teorieë van Newton ook nie gebeur het nie. D.w.s.: dit lyk onwaarskynlik dat ooit aangetoon sal word dat mutasies en natuurlike seleksies *geen enkele* rol in die fenotipiese veranderings in populasies speel nie. Dit is egter denkbaar dat vir die Neodarwinisme ewe-eens net 'n plek binne 'n baie groter geheel aangewys sal word: die plek van 'n grensgeval, wat ook weer slegs by benadering geldig is onder bepaalde voorwaardes. Dit kan bv. beteken dat die Neodarwinistiese verklaringswyse maar net vir (bepaalde vorme van) 'mikro-evolusie' geld, dat hulle nie tot 'makro-evolusie' ekstrapoleer mag word nie, en dat die biologiese meganismes van die veronderstelde 'makro-evolusie' dus eintlik (nog) onbekend is.

Neodarwinisme is inderdaad die leer dat die hele (makro-)evolusie verklaar kan word uit net twee biologiese beginsels: toevallige mutasie en natuurlike seleksie. Vandag egter sien talle bioloë dat, eerstens, evolusie nie deur 'n geleidelike ophoping van talle klein mutasies verklaar kan word nie; tweedens dat ons glad nie bewyse het vir enige biotiese meganisme wat die veronderstelde makro-evolusie sou kon verklaar nie, en derdens dat die fossiele ook nie die veronderstelde tussen- en oorgangsvorme bevat wat vir die evolusiegeloof noodsaaklik sou wees nie. Dit is begryplik dat daar vandag meer bioloë - ook nie-Christene! - as ooit tevore sedert Darwin is wat die bestaande evolusieteorieë ernstig in twyfel trek.

Mae-Wan Ho en Sidney W. Fox (*Evolutionary Processes and Metaphors*, 1988, bls. 13) skryf selfs dat hulle en ander bioloë 'n nuwe paradigma sien opkom wat die Neodarwinisme gaan vervang, d.w.s. waarin die sogenaamde toevalligheid van variasies en die betekenis van natuurlike seleksie nie langer aanvaar word nie (vgl. bls. 4v, 117-121, 141, 275-283) en na nuwe verklaringswyses vir die (veronderstelde) makro-evolusie gesoek word. Dit is besonder interessant dat hierdie nuwe benadering met die Neodarwinisme se inherente reduksionisme probeer afreken en 'n holistiese sienswyse probeer ontwikkel (bls. 12, 17, 139, 210). Daar is talle ander *nie-kreasionistiese* natuurwetenskaplikes wat die Neodarwinisme vandag onder vernietigende kritiek stel, soos P.-P. Grassé (*The Evolution of Living Organisms*, 1977), D. Raup & S. Stanley (*Principles of Paleontology*, 1978), S. Stanley (*Macroevolution*, 1979), G. Sermonti & R. Fondi (*Dopo Darwin: Critica all' Evoluzionismo*, 1980), N. Eldridge & I. Tattersall (*The Myths of Human Evolution*, 1982), E.C. Ambrose (*The Nature and Origin of the Biological World*, 1982), F. Hitching (*The Neck of the Giraffe; Where Darwin Went Wrong*, 1982), B. Leith (*The Descent of Darwin*, 1982), G. Taylor (*The Great Evolution Mystery*, 1983), J. Rifkin (Algeny, 1983), M.-W. Ho & P.T. Saunders (eds.) (*Beyond Neo-Darwinism*, 1984), M. Denton (*Evolution: A Theory in Crisis*, 1985), S. Lövtrup (*Darwinism: The Refutation of a Myth*, 1987), S.J. Gould (*Wonderful Life*, 1990), R. Milton (*The Facts of Life: Shattering the Myth of Darwinism*, 1992) en ander nie-kreasionistiese natuurwetenskaplikes soos B.C. Goodwin, J.W. Pollard, H.M. Temin, W. Engels, P.P.G. Bateson, J. Cracraft, C. Schwabe, N. Platnick, K.J. Hsü, wat belangrike artikels in erkende wetenskaplike tydskrifte teen die Neodarwinisme geskryf het.

Afgesien van die Neodarwinistiese interpretasie van evolusie is egter die aanname van 'n algemene evolusie self reeds niks meer as 'n teorie of 'n werkhipotese nie, soos talle nie-kreasioniste gestel het. G. Kerkut sê (*Implications of Evolution*, 1960, bls. 157): 'there is the theory that all living forms in the world have arisen from a single source which itself came from an anorganic form. This theory can be called the "General Theory of Evolution" and the evidence that supports it is not sufficiently strong to allow us to consider it as anything more than a working hypothesis'. L. Harrison Matthews sê in die voorwoord vir die 1971-edisie van Darwin se *Origin of Species* (p. X): 'Die geloof in die evolusieteorie loop volkome parallel met die geloof in 'n afsonderlike skepping; beide is sienings waarvan die gelowiges weet dat hulle waar is, maar geen van beide het tot vandag bewys kon word nie'. N. Eldredge, een van die leiers van die nie-Neodarwiniaanse evolusieteorie van die 'punctiated equilibria' (punktualisme), sê (*The Monkey Business*, 1982, bls. 28v): 'Theories in science are merely ideas: A theory may be a single, simple idea or, more usually, a complex set of ideas. Some are good and have withstood the test of time well. Evolution - specifically, the notion that all organisms past and present are interrelated by a process of ancestry and descent - is such a theory'. A. Boyden sê (*Physiological Zoology*, 1982, bls. 117): 'Actually we shall never be able to prove the common ancestry of all animals, and therefore we have no right to state as a fundamental principle what must always remain an assumption'.

Party *nie-kreasioniste* gaan selfs so ver om die idee van 'n algemene evolusie openlik in twyfel te trek. Die leidende Franse bioloog Pierre-Paul Grassé (*The Evolution of Living Organisms*, 1977, bls. 202): 'the explanatory doctrines of biological evolution do not stand up to an objective, in-depth criticism. They prove to be either in conflict with reality or else incapable of solving the major problems involved'. Colin Patterson, leidende paleontoloog van die Britse Museum, sê (*Address at the American Museum of National History*, Nov. 5, 1981): 'It's true that for the last eighteen months or so I've been kicking around non-evolutionary or anti-evolutionary ideas (...) evolution not only conveys no knowledge but it seems somehow to convey anti-knowledge'. Twee leidende

Italiaanse bioloë, G. Serminti & R. Fondi, skryf 'n boek, *Dopo Darwin: Critica all' Evoluzionismo* (1980), wat 'opposes the evolutionary view' en besluit 'that a stationary view accounts better for the observed facts than an evolutionary view' (kyk Sermonti, *Rivista di Biologia* 1980, 564-566). Die Australiese molekulêre bioloog M. Denton (*Evolution: A Theory in Crisis*, 1985) bestry nie net die Neodarwinisme nie, maar die hele idee van 'n makro-evolusie. Steeds gaan dit hier om nie-kreasioniste.

## 3.2. Evolusionisme as 'n ideologie

Sommige bioloë soos Rupert Sheldrake wag maar net op 'n soort 'Einstein' wat binne die biologie 'n briljante deurbraak tot stand sal bring. Origens, of daar nou spoedig 'n paradigmatiese verandering kom of nie, steeds sal die onderskeid tussen die Neodarwinisme as 'n suiwer biologiese *werkhipotese* enersyds en die ideologiese evolusion*isme* andersyds duidelik in die lig gestel gestel moet word. Jacob sê myns insiens tereg dat die menslike gees se behoefte aan eenheid en 'n samehangende verklaring so groot is dat elke belangrike wetenskaplike teorie aan misbruik onderhewig is en ongemerk in 'n 'mite' (ideologie) oorgaan. Die Darwinisme het daaraan nie ontkom nie; vanaf die eerste begin was dit in ideologieë verstrik, en die volledige geloof in die absolute mag van die natuurlike seleksie het in die afgelope vyftig jaar die denke oor die evolusie oorheers, sê Jacob; en hy sug: 'Is dit moontlik vir bioloë om 'n evolusieteorie uit te werk wat werklik vry is van ideologiese vooroordeel?'

Talle ander natuurwetenskaplikes (wat nie kreasioniste is nie) het die evolusie-idee se ontaarding tot 'n ideologie bevestig. Colin Patterson sê (*Evolution*, 1977, bls. 150): '[Karl] Popper warns of a danger: "A theory, even a scientific theory, may become an intellectualfashion, a substitute for religion, an entrenched dogma". This has certainly been true of evolutionary theory' (let wel: nie evolusion*isme* as 'n ideologie nie, maar die evolusie*teorie self*). Die filosoof Marjorie Grene sê (*Encounter*, Nov. 1959, bls. 48v): 'It is as a religion of science that Darwinism chiefly held, and holds men's minds (...) The modified, but still characteristically Darwinian theory [i.e., Neo-Darwinism] has itself become an orthodoxy, preached by its adherents with religious fervor and doubted, they feel, only by a few muddlers imperfect in scientific faith'. H. Lipson sê (*Physics Bulletin*, 1980, bls. 138): 'evolution became in a sense a scientific religion; almost all scientists have accepted it and many are prepared to "bend" their observations to fit in with it'. Filosoof Mary Midgley skryf selfs 'n hele boek oor *Evolution As a Religion* (1985). Die geoloog K.J. Hsü skryf in *Klinische Wochenschrift* (1989: 923-928): 'Die teenswoordige toestand van die Darwinisme is myns insiens vergelykbaar met dié van Ptolemaeus se geosentriese teorie gedurende die Middeleeue. Ptolemaeus se teorie was wetenskap gedurende die Oudheid, maar het 'n dogma geword nadat sy voorspellings deur Galileo se nuwe waarnemings gefalsifieer was. Netso was die Darwinisme 'n wetenskaplike hipotese, maar het gedurende die 20e eeu 'n dogma geword'. Voorbeelde van ander sitate is te vinde in D. Holbrook, *Evolution and the Humanities* (1987, hfst. 4).

Die filosoof Paul Feyerabend sê van die evolusieteorie (*Radical Philosophy* 1975:4-8): 'Ideologieë is skitterend wanneer hulle in die geselskap van ander ideologieë gebruik word. Hulle word vervelend en dogmaties sodra hulle merietes tot die verwydering van hulle teenstanders lei', waarmee hy die anti-evolusionêre ontstaansmodel bedoel. 'n Dergelike anti-evolusionêre model kan met 'n bepaalde skeppingsiening verbind word, en dan word dikwels van 'kreasionisme' gepraat (ook weer in verskeie variante), maar die model is van hierdie verbinding nie afhanklik nie. Daar is naamlik ook 'kreasionistiese' natuurwetenskaplikes wat nie Christene en selfs nie teïste is nie (bv. F. Hoyle & N.C. Wickramasinghe, *Evolution from Space: A Theory of Cosmic Creationism*, 1984).

Let wel: ons het hier steeds van die evolusie-*teorie* gepraat, nie net van 'n evolusio*nistiese* ideologie nie, soos die marxistiese, of die humanistiese, of die liberale, of die 'New Age' siening van die evolusie. Dit gaan hier steeds om voorbeelde waarin 'n streng biologiese evolusieteorie, soos die Neodarwinisme, *self* ideologiese trekke aangeneem, daardeur wetenskaplike status verloor en tot dogmatisme ontaard het. Daar is 'n wesentlike verskil tussen suiwer-biologiese uitsprake enersyds en ideologiese, wêreldbeskoulike, filosofiese of religieuse uitsprake oor biologiese onderwerpe andersyds. Die probleem is egter dat in die praktyk hierdie twee soorte uitsprake steeds weer maklik deurmekaar loop. Die indruk word dan gewek asof suiwer-biologiese teorieë as sodanig noodwendig tot bepaalde ideologiese sienings lei. Daardeur kry die leek (of die student, of 'selfs' die onkundige vakwetenskaplike) die indruk dat die *biologiese* navorsing hom/haar dwing tot bepaalde *ideologiese* aannames. Daar is blykbaar baie min mense wat die hipotese van 'n algemene evolusie aanhang en tegelyk volkome vry is van alle ideologiese veronderstellings waarmee hierdie hipotese gewoonlik belaai is. Dit is egter nie die biologie wat bepaal watter soort ideologie ons (moet) huldig nie, *maar dit is ons ideologie (wêreldbeskouing, religie) wat bepaal in watter raamwerk ons die biologie beoefen*. En so is daar ook plek vir 'n eie Christelike benadering van die biologie.

## 3.3 Die polifileties-homeostatiese ontstaansmodel

Daar bestaan vandag nog altyd die (gradualistiese, d.i. op geleidelike verandering gegronde) Neodarwinisme, en verder kan 'n mens kies uit die genoemde punktualisme van Gould en Eldredge, die Neolamarckisme, en die theïstiese (of vitalistiese, of spritualistiese) evolusieteorie, wat impliseer dat die evolusieproses gestuur is/word deur 'hoër' kragte, naamlik God, of 'n 'lewenskrag', of die 'kosmiese gees', of wat ook al. Buitendien is daar die alternatief van die ontstaans-agnostisime, wat inhou: 'ons weet eenvoudig (nog) nie wat gebeur het nie'. Die

model wat ek en ander bioloë voorstaan, noem ek die *polifileties-homeostatiese* model. 'Polifileties' beteken dat die hooflewensvorme abrup en onafhanklik van mekaar ontstaan het. 'Homeostaties' beteken dat die hooflewensvorme, afgesien van 'n sekere genotipiese en fenotipiese variabiliteit, danksy konserwerende biotiese meganismes basies onveranderlik is (bioloë noem dit ook kortweg *stasis*). Mense praat ook van die *tipologiese* model, omdat dit uitgaan van 'n aantal 'tipes' (d.i. die genoemde hooflewensvorme) wat onafhanklik van mekaar ontstaan het. Hierdie tipes kom ooreen met die 'argetipes' wat die bioloë vóór Darwin algemeen aanvaar het (nie om religieuse redes nie, maar om genetiese en paleontologiese redes!).

Ek besluit met 'n oorsig van hierdie model se vernaamste elemente:

Eerstens: die eerste lewe het nie deur biochemiese toevalsprosesse ontstaan nie, maar deur input van eksogene inligting (d.w.s. deur van buite-af lewelose materiaal te 'programmeer' tot lewende materiaal). (Slegs in religieuse, vóórwetenskaplike taal word hierdie ontstaan genoem: 'skepping').

Tweedens: die verskillende hooflewensvorme (ongeveer op die vlak van die biologiese families of genera?) het nie *uit* mekaar (d.w.s. 'hoër' uit 'laer' lewensvorme) en same uit 'n oersel ontstaan nie, maar *langs* mekaar, *afsonderlik* van mekaar, en ongeveer in dieselfde tyd (in vóórwetenskaplike taal weer: 'skepping').

Derdens: die geskiedenis van die lewe op aarde word nie beheers deur 'n soort 'evolusiewet', d.w.s. 'n voortdurende natuurwetmatige toename van orde, kompleksiteit en inligting-inhoud nie, maar 'n wetmatigheid wat aangedui kan word as die 'entropiewet', d.w.s. 'n voortdurende afname van orde, kompleksiteit en inligting-inhoud.

Vierdens: die erflikheidsmeganismes soos genetiese variasie en natuurlike seleksie speel sekerlik 'n bepaalde rol in die natuur, maar nie om hoër lewensvorme uit laer lewensvorme te laat voorkom nie, maar speel slegs 'n homeostatiese rol *binne* die hooflewensvorme. Hulle is nie progressief nie, maar konserwatief, d.w.s. hulle dien net tot voortdurende aanpassing of instandhouding van hierdie tipes (wat o.m. af en toe kan lei tot die ontstaan van nuwe vorme *binne* hierdie tipes). Hierdie model laat dus wel mikro-evolusie toe, ofskoon dit eintlik niks anders as variasie binne die hooflewensvorme is nie, maar aanvaar nie die idee van makro-evolusie nie.

Vyfdens: biochemiese en morfologiese verwantskap tussen verskillende lewensvorme beteken nie noodwendig afstammingsverwantskap nie, maar kan eweseer uit gemeenskaplike ontwerp en planmatigheid verklaar word. Dit is selfs des te meer die geval wanneer dit blyk dat 'n dergelike vormverwantskap in baie gevalle glad nie op genetiese en embriologiese verwantskap teruggaan nie.

Sesdens: die fossiele-organismes wys glad nie op 'n algemene evolusie van laer tot hoër vlakke van orde en kompleksiteit nie, maar vertoon dieselfde onderlinge leemtes en diskontinuïteit tussen die hooflewenstipes as die hedendaagse flora en fauna. Die fossiele laat 'n monofiletiese, maar eweseer of beter 'n polifiletiese verklaringswyse toe.

Die fossiele verkondig 'n duidelike boodskap, naamlik spesie-stasis (d.i. die basiese onveranderlikheid van lewensvorme, wat origens mikro-evolusie nie uitsluit nie). Die genetika verkondig dieselfde boodskap, naamlik spesie-stasis. Wat die tradisionele Bybelleser, wat nóg van evolusieteorieë, nóg van moderne teologiese skeppingsteorieë weet, uit die voorwetenskaplike taal van die Bybel opmaak, is: spesie-stasis. Wat ek daarom glo is: spesie-stasis.

★★★★★

**U word vriendelik daaraan herinner om asseblief jaarliks u inskrywing op Waarheid en Dwaling te hernu - dit is maar R36 per jaar! Raadpleeg asb. die inskrywingsvorm agterop vir adres- en ander besonderhede. Vertel ook gerus vir u vriende van hierdie blad.**

## Boekresensie:

# ... en dit was aand en dit word môre... Die Sewende Dag

**God en sy Woord- en werke-openbaring aktueel vir die 21ste eeu.**

**Deur: J.A.L. Taljaard**
**ISBN 0-620-19300X**
**1995, 276 p., R75-00**
**Veritas Persvereniging, Posbus 525, Piet Retief**
**Geresenseer deur A.L.A. Buys**

Dié boek is die eerste wat onder die vaandel van die Gereformeerde Persvereniging Veritas uitgegee word. Hierdie boek het postuum verskyn. Professor Taljaard, wat in 1994 oorlede is, was die opvolger van die groot filosoof, H.G. Stoker, by die PU vir CHO. Self was hy jare lank hoof van die departement Filosofie en lid van die Akademie vir Wetenskap en Kuns. Taljaard lewer, saam met Dooyeweerd, Vollenhoven en Stoker, 'n geweldige groot bydrae tot die uitbouing van 'n reformatoriese filosofie.

## Formeel

Die boek is in vier dele verdeel. Die eerste twee handel oor God van die Woord- en werke-openbaring asook die openbaring van God aangaande die mens. Die laaste twee afdelings handel oor die mens en hoe God se openbaring op die mens in die 21ste eeu van toepassing is. Die boek is tegnies goed afgewerk met 'n baie volledige sakeregister. Die voorblad is ook baie aanloklik ontwerp. Die voorwoord is geskryf deur prof. Martin Kuiper (tans in Nederland) en hy vat die bedoeling van die boek goed saam:

"Waar Taljaard in *Polished Lenses* die soewereiniteit van God in 'n sistematiese filosofie weergee aan die hand van sy radikaal Bybelse denke, gee hy in hierdie boek 'n Skrifmatige ontologie. Ek is egter daarvan oortuig dat hierdie werk gesien moet word as die *persoonlike credo* van Taljaard. Hy gebruik bewustelik die "ek"-vorm. Taljaard het op 78-jarige 'ouderdom' sy filosofiese kennis en persoonlike geloofslewe in gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif gekombineer in 'n lewende *getuienis*. 'n Getuienis van sy *persoonlike* lewe, geloof en filosofie."

## Inhoudelik

Tog is die boek meer as net 'n persoonlike refleksie. Daar is 'n goeie balans tussen algemene toeganklikheid en akademiese styl. Hierdie boek is op die 21ste eeu gerig. Waar daar tans baie vrae in die breë samelewing is wat onsekerhede meebring, gee die boek 'n hoopvolle blik op die toekoms. Waar die breë teologie tans besig is met die vraag: "Hoe word God aan 'n post-moderne wêreld gebring" kom Taljaard met die verrassende nuwe vraag: Hoe wil God in die 21ste eeu gesien word? Oor die soeke van die mens na God - ook in sy werke - sê Taljaard self: "Verbystering wag op ons, maar laat ons verbystering *worship* wees - dan weet ons God is met ons." (p78).

## Reformatoriese samelewingsleer

Taljaard gaan in hierdie boek verder as in sy vorige boek [*Polished Lenses*, Pro Rege, 1976, waar hy 'n wetsontologie uitwerk]. Wat nuut is, is die uitwerking van die roeping van die mens. Van enorme betekenis vir 'n reformatoriese samelewingsleer is Taljaard se skerpsinnige onderskeiding tussen die begrippe "heers" en "gesag". Veral sy stelling dat geen mens oor 'n ander mag heers nie, kan - indien dit reg verstaan word - 'n algehele omwenteling in byvoorbeeld die staatsleer en regspraak meebring. 'n Skriftuurlike kyk na die saam-lewe en saam-werk van die mens, veral rondom Taljaard se term "versmelting" bied 'n goeie fondament vir die totale hervorming van ons samelewing wat tans so deur Neo-Marxisme geplaag word.

## Gevolge

Alhoewel hierdie boek heel gemaklik toeganklik is vir die nie-akademikus, bied die boek tog genoeg vaste kos vir die ywerige filosoof. So verdien Taljaard se bewering dat aspekte van die relasionele waarheidsteorie met 'n ompad moontlik vanaf Suid-Afrika via Van Peursen (p.56) na Nederland gebring is, beslis verdere navorsing. Die stelling is soveel meer van belang vir ons in Suid-Afrika, omdat die post-moderne relasionele waarheidsbegrip juis weer vanaf Nederland na ons oorgewaai het. Taljaard wil ook Skrifmatige ontologie (iets anders as wat tans in filosofie met "ontologie" verstaan word) as die basiswetenskap sien. Hierdie standpunt noodsaak in sy konsekwensie 'n heruitwerk van die huidige wetenskaplike ensiklopedie.

## Elf Artikels

Wat miskien die mees gewaagde van die boek is, is Taljaard se eie verwerking van die Apostoliese en Nederlandse geloofsbelydenisse. Daar kom ook 'n persoonlike "Elf-artikel-" geloofsbelydenis voor rakende samelewingsverbande. In die eerste twee artikels is dit duidelik hoe Taljaard sy geloof bely dat God direk soewerein is oor sy hele skepping (en nie indirek nie soos tans algemeen geglo word). Artikels 1-2 lui soos volg: "Ons glo dat ons goeie God Drie-enig se ewige krag en goddelikheid in sy werke, waaronder huwelik, staat en kerk, van die skepping van die wêreld af verstaan en duidelik gesien kan word, en dat hierdeur die sinvolle ontplooiing van die mensdom ter vulling van die aarde deur God gewil is met die skepping, dus voor die sondeval. Art.2: "Ons glo dat God Drie-enig die beginsel vir die sinvolle ontplooiing reeds gegee het in Gen 2:24 en wel as die versmelting, 'n begrensde versmelting tussen een man en een vrou, dus van mense rondom 'n Godgegewe binding tot 'n spesifieke en unieke samelewingsverband".

## Amp van gelowige

"...en dit was aand en dit word môre...- Die Sewende Dag" is 'n veelseggende boek waarvan die konsekwensies vir die huidige samelewing verreikend is. Enige gelowige, hetsy ekonoom, onderwyser, politikus of wat ook al, wat deur die amp van die gelowige gedring voel om God se Waarheid in sy beroepslewe uit te leef, sal hierdie boek uiters waardevol vind. Die boek is stimulerend, ryk en nuut, veral as die gevolge van 'n Skrifmatige ontologie in die hele menslike lewe raakgesien en beleef word. God wil op 'n spesifieke manier in die volgende eeu gedien word; Taljaard was begenadig om die deur daartoe op 'n skrefie oop te maak.

* * * * *

## Grondslae

*van*

## Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

★ ***Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.***

★ ***Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.***

★ ***Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.***

# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ....................

Adres:....................

....................

....................

Poskode:....................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:....................

Datum:.................... Handtekening:....................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01343 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS